MURRAYSBURGER

Okt 2016
No 64

Die Geheim is uit!

Gaan na: www.murraysburg.co.za

Die Murraysburger is 'n gratis gemeenskapsnuusbrief wat net op die w ebwerf beskikbaar is.

Kontak besonderhede op Bl. 2

Rolbaldag 2016

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 388 9284

EPOS: renetheron@mweb.co.za **POSADRES**: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening. Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address. The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

Van die Redaksie: …… Dis nie net Loxton wat kan spog met 'n inwonende skrywer nie – Paul Avenant het uiteindelik sy groot droom tot vervulling gebring en stel sy eerste boek bekend. Sien Bl 3. Ons wil vir Paul baie geluk sê met hierdie mylpaal en ook vir Jeanette en die seuns bedank vir hulle ondersteuning (en geduld!) Die datums van die bekendstelling is as volg:

15 Oktober KVB Ekspo Kanker tee Victoria-Wes 10:00 Golf Klub
19 Oktober VLV Steak braai Murraysburg 19:00 Skou saal
21 Oktober MacNorthens book shop Graaf Reinet 17:00 - !9:00
29 Oktober Boekbedonderd Richmond.
November Murraysburg Boekklub

Brief ontvang van André Roux

Baie dankie vir die interessante artikel in julle koerant. Net 'n paar regstellings:

Ek is verbonde aan die Wes-Kaap Departement van Landbou en nie aan Landelike Ontwikkeling nie. Nadat ek Chris ontmoet het 'n paar jaar gelede, het ek die proses begin om fondse vir die projek te verkry aangesien die projek nie op ons begroting was nie.

Die voordele wat die herstel van die leiwaterstelsel vir die gemeenskap van Murraysburg sou inhou was van die begin vir my duidelik en oor twee finansiële jare kom ek besparings in my program opsy sit vir die projek. Die fondse is oorbetaal na Casidra, die implimenteringsagent van my departement.

Die Departement van Waterwese van die Oos-Kaap is betrek aangesien daar bevestiging verkry moes word of die gebruik van die leiwater steeds as "wettige watergebruik" deur die departement erken sou word weens die lang onderbreking in wateronttrekking vanaf die keerwal. Steven Mullineux, Theo Geldenhuys en Kunene Bhekokwakhe se hulp in die verband word baie waardeer.

Met fondse beskikbaar en die waterregte uitgeklaar, kon die tegniese aspekte van die projek aandag kry.

Die nodige opmetings is gedoen deur van my personeel en die beplanning kon gedoen word. Daarna is tenderdokumente opgestel, die tender geadverteer en kon 'n kontrakteur aangestel word.

Dit was dus 'n lang proses om uit te kom tot waar ons vandag staan, maar met die hulp en ondersteuning van Chris Barr, Jenny en die MSDC kan ons uitsien na die inwerkingsteling van die leiwaterstelsel tot voordeel van die gemeenskap van Murraysburg.

Groete
André

A S Roux Pr Eng
Director: Sustainable Resource Management
Department of Agriculture
Western Cape Government

KOEDOE

DIE VERHAAL VAN KOEDOE KOTZE

- Die dood van Gerrit Kotze se vrou en kinders a.g.v. 'n koedoe ongeluk het sy hele lewe verander.
- Sy obsessie en soeke na die legendariese koedoe, Ou Grote, lei hom terug na sy verlore liefde en die moontlikheid van die bestaan van watermense.
- Die leser word ingetrek in die betowering van die natuurskoon in die Kamdeboo met Toorberg wat waghou.
- Met die skrywer se kennis van die mens en die natuur word die leser deel van 'n storie wat hom die emosie van dood en liefde laat beleef en ook die grootheid en prag van die natuur.
- Vir dié wat 'n liefde en belangstelling het vir die natuur en romanse sal hierdie boek die leser meevoer.

Paul Lodewyk Avenant is op 29 Mei 1960 in Namibië gebore. Hy groei op en matrikuleer in die Strand. Paul toon van jongs af belangstelling in skryf en teater. Hy is 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker en is reeds die afgelope 24 jaar in die Karoo woonagtig waar hy en sy vrou 'n familiebesigheid bedryf. Hy hou hom in sy vryetyd besig met sy belangstellings nl. skryf, fotografie en jag en beskou homself as 'n ervare jagter en natuurliefhebber met veral kennis van die Karoo wat juis die agtergrond vorm tot hierdie boek. Die skrywer het reeds 'n verskeidenheid verhoogstukke geskryf waarvan sommige deur skole en kerke opgevoer is. Verder hy het ook deelgeneem aan die Sanlam Radio Drama Kompetisie en ook die KKNK se teks - ontwikkeling projek. Hy het verskeie kortverhale en gedigte geskryf waarvan een gedig in 'n bundel opgeneem is en is ook betrokke by die Karoo Skrywersfees te Cradock.
Die skrywer het reeds self 'n geestelike dagboek vir boere gepubliseer nl. " David se plaas preke".

INLIGTING

BESKIKBAAR IN OKTOBER 2016
Fiksie • R 175.00
Sagteband • 192 p • 213 mm x 137 mm
ISBN: 978-0-928316-32-2

BEMARKING

- Boekbekendstellings
- Bekendstellings op sosiale-media-platforms
- Publisiteit en bekendstellings gekoppel aan skrywer se optrede as spreker
- Reklame deur die skrywer self

Verlede maand se artikels oor die rehabilitasie van die Rooidamme het hierdie pragtige brief van mnr JJ Prinsloo tot gevolg gehad.....

"Daar is dalkies nog van die ouer garde op die dorp wat sal onthou. Ek glo Dammetjies en Lena is nog op die dorp en hulle sal die stoutgat nog onthou.

Ek geniet jul koerantjie. Sterkte vorentoe en ek hoop die kweperlanings blom weer eersdaags in volle glorie soos van ouds.

Groete

JJ Prinsloo"

Mnr Prinsloo skryf verder ……..

Met die koms van die groot masjiene om weer leiwater aan die inwoners te bring het my gedagtes 'n draai gemaak by my kinderjare in Murraysburg. Soveel van die mooiste tuine het jy in hierdie Karoodorpie gekry en het my oorlede vader, Willem Prinsloo, by meer as een geleentheid die prys vir die bes versorgde tuin gekry danksy die leiwaterbeurt weekliks.

Ek plaas 'n paar fotos waar hy tussen sy aartappels en mielies pronk, met oom Manie van Deventer se huis wat so skuins agter hom uitsteek. Hierdie groot erf met sy eie windpomp ook, is regoor die ingang na die dorp se tennisbane. Ons huis was in Darlingstraat en ek moes die leiwater altyd op die hoek by oom Riempies Victor gaan haal.

Jammer vir die fotos se kwaliteit, maar daardie dae was 'n Brownie bokskamera ál op die mark. Miskien kan ek ook net noem dar ek met die opbrengs uit daardie tuin gesmous het en sodoende my 1ste paar rugbystewels kon bekostig by Williams se winkel. Die outjie daar tussen die meisies is einste ekke en dit was in die vyftigerjare.

~ Nota by ons Munisipale Kantoor ~

Dit is nie bekend wie die amptenare is wat nie na-ure gesteur mag word nie !

En amper net so klassiek soos die Kaapse Stadsraad wat nie motors by dié parkeerarea toelaat nie! Honde is darem welkom.